

H O O F S T U K 1.DIE DOEL EN PROBLEEM VAN HIERDIE ONDERSOEK.

In 1860 het die eerste Indiërs na Suid-Afrika gekom as kontrakarbeiders om behulpsaam te wees met die nuutgestigte suikerbedryf. Hulle is nie as 'n permanente deel van die Suid-Afrikaanse bevolking beskou nie aangesien hulle onder kontrak na Suid-Afrika gebring is met die uitsluitlike doel om in die suikerplantasies te kom werk. 1)

Op 16 Mei 1961 konig die toenmalige Minister van Binnelandse Sake in die Parlement aan 2) dat die Regering die Indiërs wat in Suid-Afrika woonagtig is, voortaan as 'n permanente deel van die Suid-Afrikaanse bevolking sou aanvaar. Hierdie verklaring het die stigting van die Departement van Indiërsake voorafgegaan.

Die Indiër het sy identiteit behou, want enersyds kon hy hom nie by die inheemse nie-Blanke bevolking inskakel nie aangesien die Indiër tot die Kaukasiese ras en die inheemse nie-Blankes tot die Negrotede ras behoort. Andersyds was inskakeling by die Blankes ook nie moontlik nie, vanweë diepgaande kulturele en godsdienstige verskille. 3)

/Die .....

---

1) Meyer: Die Asiaat in Afrika, p. 108

2) Dept. van Inligting: Indian South Africans, p. 2

3) Meyer: op.cit. p. 107

Die Indiese volk het reeds 'n hoër beskawingspeil bereik lank voordat die Blanke die suidpunt van die Afrika kontinent binnegedring het. Dit spreek dus vanself dat die kontrakarbeiders wat na Suid-Afrika gekom het, relatief gesproke, 'n baie hoër beskawingspeil as die inheemse Bantoerasse gehad het. Die Blanke Suid-Afrikaner daarenteen het in die 19<sup>de</sup> eeu egter reeds op 'n hoër sosio-ekonomiese vlak as hierdie ongeskoolde kontrakarbeiders beweeg.

Volgens Meyer <sup>1)</sup> bevind die Indiër hom op daardie tydstip in 'n sosiale situasie waarmee daar klaarblyklik nie rekening gehou is nie. Vir die Blanke is die Indiër sosiaal nie aanvaarbaar nie, hoofsaaklik as gevolg van die verskillende sosiale vlakke waarop die twee rassegroepe beweeg.<sup>2)</sup> Die Indiër beskou homself aan die anderkant weer as meer ontwikkel as die inheemse Bantoe. Dit skep probleme, soos Meyer <sup>3)</sup> dit stel: „Teen hierdie heersposisie wat die Indiër handhaaf deur homself as aparte gemeenskap van die Bantoe op maatskaplike en ekonomiese gebied af te sonder,

/dikwels .....

---

1) Meyer: Die Asiaat in Afrika, p. 79

2) Ibid., p. 107

3) Ibid., p. 106

dikwels op hooghartige wyse, kom die Bantoe meer en meer in opstand."

Sedert sy aankoms in Suid-Afrika, het die Indiër in onsekerheid geleef oor sy toekoms.<sup>1)</sup> Ten spyte daarvan het baie min arbeiders, nadat hul werkkontrakte verstryk het, na Indië teruggekeer.

Die destydse Natalse Regering se poging om die Indiërs en Blankes op skoolvlak te integreer en die daaropvolgende beleid van die Provinsie om die Indiërs se skolastiese opleiding onder die vleuel van die Natalse Onderwysdepartement te plaas (soos aangedui in Hoofstuk 3), was nooit geslaagd nie. Dit word gestaaf deur die snelle ontwikkeling wat Indiëronderwys gemaak het sedert die totstandkoming van 'n afsonderlike Departement van Onderwys in 1966.

Met die aanvaarding deur die Staat, van die Indiërvolk in Suid-Afrika as 'n inherente deel van die Suid-Afrikaanse bevolking, moes daar gevolglik ook, deur die Staat, na hul omgesien word soos in die geval van die Bantoes en Kleurlinge.

In hoofstuk 2 word daar breedvoerig bespreek hoe die Indiër van die Blanke verskil ten opsigte van kleur,

/kultuur .....

---

1) Meyer: Die Asiaat in Afrika, p. 108

kultuur, godsdiens en algemene leefwyse. Dit is dus vanselfsprekend dat na die behoeftes wat eie is aan hierdie ras, omgesien moet word.

Dit word aanvaar dat daar 'n groot verskil is tussen die Blankes en Indiërs. Die probleem is om vas te stel presies wat die verskil is tussen die Blanke en Indiër en hoe groot die verskil is.

Die huidige beleid van die Afdeling Onderwys van die Departement van Indiërsake is om alle leerplanne van die Natalse Onderwysdepartement onveranderd op alle Standard 9 - 10 leerlinge toe te pas. In Standerds 6 - 8 word leerplanne van die Natalse Onderwysdepartement vir sekere vakke gebruik; sommige leerplanne is gebaseer op dié van ander provinsies terwyl ander leerplanne deur die Departement van Indiërsake self saamgestel is. In die geval van Liggaamlike Opvoeding word die leerplan van die Transvaalse Onderwysdepartement vir die Indiër Hoërskole voorgeskryf.

Hierdie leerplan is ontwerp en saamgestel om aan die behoeftes van die Blankes in die Transvaal te voorsien. Waar daar 'n reeds aanvaarde verskil aangetoon is tussen Blanke en Indiër, is die doel van hierdie ondersoek

/om .....

om vas te stel wat die fisieke behoeftes van die 13-jarige, 14-jarige en 15-jarige Indiërseun is en om, in vergelyking met die Blanke, vas te stel of daar spier-verswakking is.

Waar hierdie vakrigting vir die Suid-Afrikaanse Indiër nuut is (soos aangetoon in Hoofstuk 4), is dit van belang dat daar ook vasgestel word in welke mate die leerlinge belangstel in die Liggaamlike Opvoeding.

Alvorens aktiwiteite voorgeskryf word, wat 'n mate van spelbekwaamheid vereis, is dit nodig om te bepaal of die leerlinge se motoriese aanleg van so'n aard is dat hulle die voorgeskrewe aktiwiteite kan beheers. Ten einde dit vas te stel, het hierdie ondersoek ook verder ten doel om die motoriese kwosient van die leerlinge te bepaal.

Samevattend volg dit dus dat 'n leerplan wat vir Blankes ontwerp is, toegepas word op Indiërs. Die probleem bestaan egter daarin dat die Blanke en die Indiër van mekaar verskil. Alvorens hierdie verskille nie ondersoek is nie, kan die Blankes se leerplan nie onveranderd vir die Indiërs voorgeskryf word nie.